


Leefkuns



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Skinder

Spreuke 16:28, 18:8

Spreuke wys vir ons die vernietigende potensiaal van woorde. Woorde wat nie versigtig en met wysheid en liefde gebruik word nie, kan mense vernietig. Daarom moet ons ons woorde sorgvuldig weeg en kies, want selfs eerlike woorde kan skade aanrig. Spreuke praat reguit oor die gevaar van skinder en oor die goeie wat gedoen word wanneer iemand sy of haar vriend, familielid of kollega sag tereg wys. Hoe gebruik jy woorde?

“Die tong het mag oor lewe en dood,” sê Spreuke 18:21 (Lees ook Jakobus 3:5-12) En ons dra die gevolge van ons woorde. Spreuke onderrig ons in die kuns om te praat met woorde wat lewe gee:

- Oor die belangrikheid van woorde lees Spreuke 10:11, 20:15:4; 25:11
- Oor die verkeerde maniere van praat, lees Spreuke 11:12-13; 12:18; 18:18
- Oor die regte manier van praat, lees Spreuke 10:32, 12:25; 15:1, 28; 16:23-24
- Oor die gevaarlike potensiaal van woorde, lees Spreuke 10:19

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Wat kan jy baat, sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?

Definisie:

Om iemand anders met woorde te vernietig.

Alternatiewe definisie

Om dwaas om te gaan met woorde.